ZCZC 655 01621
AAHQ16 FAME 020501
MP 977

M45/287 02/12/88
AANDAG : RALIE DE WINNAAR.

NUUSBRIEF - NOVEMBER 88

HALLO VRIENDE EN FAMILIE, DIE EILAND LEWE GAAN VOOR DIE WIND - WIND VAN VOOR, WIND VAN AGTER, STORM WINDE, RUK WINDE EN STINK WINDE. N GEBEURTENISVOLLE MAAND IS AMPER VERBY. MISKIEN IS GEBEURTENISVOL DIE VERKEERDE WOORD. ONGEVALLE SAL DALK N BETER WOORD WEES. OU MANNE, IVAN DAVE EN PETE BARTLETT HET ELK EEN N BEURT GEKRY OM OOR PYN TE KLA. MET DIE SIMPATIE VAN MEDE SPANLEDE KAN BETERSKAP NIE ANDERS OM SPOEDIG TE WEES NIE. N ROOI GLOED TEEN DIE HORISON HET ALMAL LAAT WONDER OF DIE EILAND WEER VULKANIES AKTIEF GERAAK HET. GROOT WAS DIE TELEURSTELLING TOE ONS UITVIND DAT HENNIE, FRANCOIS, SPENCER EN DERRICK TENT BRAAI IN DIE BERGE GENIET. (SOU DIE BRAAI MISKIEN N GROTER SUKSES GEWEES HET AS JOHNNY TEENWOORDIG WAS?)

REEDS GEPRAAT VAN DIE WIND. PETE BARTLETT EN TOM HET UITGEVIND WAT WIND WERKLIK IS TOE HULLE HUT AMPER IN N DWARREL OPGEGAAN HET. GELUKKIG HET GERRIT WAT ALTYD N STAPPIE GENIET, DIE HUT MET DIE HULP VAN DEON EN MARTIN WEER LEEFBAAR GEKRY. CLIVE ASSOSIEER HOM DEESDAE MET DIE FRANSE SKRYWER JULES VERNE SE AVONTURE (80 DAE OM DIE W ERELD) NADAT HY 14 UUR IN DIE MIS VERDWAAL HET. PETRUS HET NA N MAAND IN DIE VELD KLAARBLYKLIK VERGEET HOE WASMASJIENE WERK EN DIE HELE BADKAMER KOMPLEKS IN N MEER VERANDER. N VERASSING VIR DEON IN DIE VORM VAN DRIE EKSAMEN VRAESTELLE, PLAAS DIE HELE BASIS IN N STAAT VAN SPANNING. GELUKKIG HET DIT OP DIE EINDE VAN DIE DAG NIE TE SLEG MET HOM GEGAAN NIE. MARC EN MARTIN HET VROEGTYDIG BEGIN MET N SWEMOEFENING IN DIE KOUE WATER (+- 4 GRADE C.) TER VOORBEREIDING VIR DIE SOMER OLIMPIADE. SPARKS (STEVE B.) EN IAN OLWAGEN KAN MET DIE OEFENING WAT HULLE HIER KRY N RADIO HERSTEL OUM JUWELIERSWINKEL BEGIN. N WOORDJIE VAN GELUKWENSING AAN DANIE WAT MET SY TWEEDE POGING OM DIE EILAND AL DIE HUTTE GEKRY HET. N NUWE OPENBARING IS DAT DIRK SONDER VETKOEK SOOS DANS IS SONDER MUSIEK. DIE ILLOVO PRYS VIR DIE SOETSTE LAG GAAN DIE MAAND WEEREENS AAN JACHA.

WAT DIE PROJEKTE BETREF, VERLOOP ALLES VOLGENS PLAN. IAN W. EN RORY SE OBSERVASIE OP TRYPOT STRAND IS NA 59 DAE OP N END. HULLE GROOT STAP (SOOS VIR MET VOETE) BEGIN NOU MET DIE WEEG VAN GESPEENDE OLIFANTROBKALFIES EN PELSPOB SESUSSE OP STRANDE RONDOM DIE EILAND. COLIN SE KONINGSPIKKEWYN VERLOOP OOK NOG SEEPGLAD. HY IS IN SY NOPPIES OMDAT DIE VOORAF GEMERKDE BEGIN TERUGKOM. N TWEE WEKE MOORDWALVISWAG WAARIN VAN SONSOPKOMS (+- 4VM) TOT SONONDER (+-7.30 NM) OBSERVASIE GEDOEN IS, IS OOK VERBY EN WAS N SUKSES. DIE KOMPETIESIE TUSSEN DIE KATSPAN EN STEVE HENLEY VIR N 50 TAL HET DIE PYLVLAK BEREIK. STEVE NATUURLIK MET DIE GROOT MALMOK (WANDERING ALBATROSS) MAAGINHOUD MONSTERS.

DIE DIERELEWE IS WAT GETALLE BETREF, BESIG OM TE PIEK. VOLWASSE OLIFANTROBBE HET DIE EILAND VERLAAT NA KALFIES GESPEEN IS OM NA N PAAR MAANDE WEER TERUG TE KOM OM TE VERHAAR. IN HULLE PLEK HET DIE ONVOLWASSENES BEGIN OPDAAG VIR DIESELFDE PROSES. DIE PELSROBBE DAAG OOK IN GROOT GETALLE OP OM TE VERHAAR EN OM GEBOORTE TE SKENK. DIE EERSTE REUSE NELLIE (GIANT PETREL) KUIKENS HET REEDS UITGEBROEI EN AL DIE ANDER VO ELS SAL BINNEKORT OP HUL VOLG. ONS WAS BEVOORREG OM N PAAR INTERESANTE GASTE OP TE MERK IN DIE VORM VAN 8 EUROPESE SWAELS. DIE VO ELS KOM NORMAALWEG NIE VERDER SUID AS DIE VASTE LAND VOOR NIE.

DIE WEERDATA SOOS VERSKAF DEUR DANIE EN SY SPAN:
GEM. DRUK.....1007,6 HPA
GEM TEMP.....5,4 GRADE C.
GEM VOGTIGHEID.....82
GEM SONSKYN PER DAG.. 5,43 URE
RE ENVAL.....130,2 MM

ONS MAAK GEBRUIK VAN DIE GELEENTHEID OM AAN ALMAL N GESE ENDE KERSFEES EN N VOORSPOEDIGE NUWE JAAR TOE TE WENS
LEKKER BLY
MARION 45

NUUSBRIEF DEUR TOM EN JACHA.